Hoe om die Voortrekkerkode met Verkenners te bespreek

Graad 9 tot 12

Die doel van die aktiwiteit is om Verkenners van die Voortrekkerkode te leer, en om ’n gesprek te fasiliteer wat Verkenners help om die Voortrekkerkode beter te verstaan.
Tydens hierdie aktiwiteit kies Verkenners een prentjie wat hulle assosieer met ‘n Voortrekkerkode. Daarna verduidelik die Verkenner hoekom die spesifieke prentjie gekies is. Daar is geen korrekte antwoord nie, en vrye interpretasie van gedagtes word aangemoedig.

Onderwerpe: Voortrekkerkode

Benodigdhede

- ☐ Prentjiebladsy (Bylaag A) per Verkenner
- ☐ Kodebladsy (Bylaag B) per Verkenner
- ☐ Skêr per Verkenner
- ☐ Gom per Verkenner

Stappe

1. Begin die aktiwiteit deur die Voortrekkerkode te hersien:

   Die Voortrekkerkode is ’n stel van 10 reëls wat die karakter van elke Voortrekker beskryf. Die kode is getrou aan ons grondslag en wese en elke lid van Die Voortrekkers strewe om die kode na te leef. Toe jy ingelyf was as Verkenner, het jy belowe om die kode te gebruik om jou keuses, gesindhede en gedagtes volgens die kode te rig. Die kode is in 2017 tydens die kongres hersien om eenvoudiger en verstaanbaar te wees vir selfs die jongste Penkop en Drawwertjie.
2. Gee vir elke Verkenner ’n Prentjiebladsy en ’n Kodebladsy.
3. Elke Verkenner moet ’n prentjie kies wat hy/sy met die spesifieke kode assosieer. Die prentjie word uitgeknip en langs die kode geplak.
4. Daar is meer as een prentjie wat by elke kode kan pas en sommige prentjies pas by meer as een kode.
5. Nadat almal hulle prentjies gekies het, fasiliteer die span om een vir een te verduidelik hoekom hulle die spesifieke prentjie gekies het.

6. Die volgende vrae kan ook gebruik word om die gesprek te fasiliteer:

    - Hoekom is een prentjie bo die ander gekies? Bv. Hoekom het die Verkenner die prentjie van die Bybel gekies, in plaas van die prentjie van die persoon wat bid?
    - Hoekom verskil jou prentjie met ’n ander spanlid se prentjie?
    - Hoe kan hierdie prentjie ook aan die kode gekoppel word? Bv. Hoe kan die prentjie van die Voortrekkermonument gekoppel word aan Kode 8?

Wenke

- Verkenners verwag dat slegs een prentjie die korrekte prentjie is. Daag hulle uit om moeiliker prentjies te soek wat pas!
- As ’n langer oefening, kan die span probeer om elke kode om die beurt by ’n prentjie te koppel.